Jannie du Toit

Lirieke van my opnames. Meer te kry op my webblad
www.janniedutoit.com

DIE LIEFDE

Musiek: Christa Steyn
Teks: Jannie du Toit

(I Korintiërs 13)

Praat die soetste taal op aarde
Sonder liefde klink dit vaal
Selfs ‘n hemeltaal vol waarde
Word dan soos ‘n flou simbaal

Ook al deel ek al my goed uit
Offer ek my lewe op
Maar ek doen dit sonder liefde
Bly dit als ‘n leë dop:
Al bekeer jy ook die wêreld
Lees die Skrif en jy sal leer
“Met geloof versit ons berge!”
Maar liefde maak dit alles meer
Ag, die liefde is geduldig
En die liefde glimlag breed
Liefde gun ‘n ander alles
Liefde deel in lief en leed
Liefde hou nie boek van kwaad nie
Is oor die waarheid altyd bly
Liefde glo, verdra en hoop als
Bedek die kwaad en spreek jou vry

Ander gawes is verganklik
Word op aarde uitgedien
Net die liefde bly vir ewig
Selfs as ons volledig sien
Ag, die liefde is geduldig
En die liefde glimlag breed
Liefde gun ‘n ander alles
Liefde deel in lief en leed
Liefde hou nie boek van kwaad nie
Is oor die waarheid altyd bly
Liefde glo, verdra en hoop als
Bedek die kwaad en spreek jou vry

Nou is daar vir ons drie dinge:
Geloof en hoop en liefde bly
En die grootste, die grootste hiervan is die liefde